# NUUSGENOOT

Moenie wonder nie, weet!

Nuusbrief van die ATKV | Julie 2022

# 'N GLASHELDER TOEKOMS!

Dinge is besig om na normaal terug te keer. Konsertsale word gevul, kunstenaars en konsertgangers maak weer oogkontak, en seker die belangrikste – die maskers het gewaai! ATKV-Applous is die einde van die maand en weer in Augustus aan die beurt en die AJV vind plaas op 20 Julie. Vir diegene wat gewonder het wat die glasbal op die foto suggereer, stel ons vir Sonél Brits aan die woord, Besturende Direkteur: ATKV-MSW.

"Die Verenigde Nasies het 2022 as die Jaar van Glas verklaar.

"Glas begin by 'n korreltjie sand, een van die oorvloedigste rou materiale op die planeet.

"Met die byvoeging van hitte verander glas van 'n korreltjie sand in 'n houer vir vloeistof, maar ook in 'n teleskooplens wat jou in staat stel om die oerknal waar te neem – 'n blik op die verlede, hede en toekoms wat jou belig en rigting bepaal.

"Volhoubaar, veerkragtig en veelsydig. 'n Eenvoudige begin met 'n verstommende aanwending. Ten volle herwinbaar, broos en terselfdertyd robuus. Mag u toekomsblik glashelder wees, en mag dit u betrokkenheid by die ATKV insluit." Sonél sluit af met:


"Die ATKV se posisionering as 'n markleier kan nie onderskat word nie.

"Die toon wat aangegee word op taal-, kultuur- en ekonomiese vlak is onontbeerlik deel van die Suid-Afrikaanse landskap.

"Die ATKV-lede en sy takke staan sentraal tot die sukses van die ATKV-groep.

"Die wisselwerking tussen die verskeie operasionele eenhede blyk duidelik uit die strategiese belyning van aktiwiteite." Hier is die nuutste Nuusgenoot vir jou leesplesier.

*Geniet dit!*




Onthou om ook 'n draai te gaan maak op die ATKV se webwerf en ons sosialemediaplatforms.



## HOE PROE JOU TAAL?

ATKV

# Die ATKV ondersteun aktiwiteite by die NWU

Kuns en kultuur speel 'n baie belangrike rol in die vorming van 'n individu se menswees.

Op skool word leerders die geleentheid gebied om deel te neem aan 'n verskeidenheid kuns- en kultuuraktiwiteite, maar so dikwels gaan hierdie geleenthede verlore wanneer jongmense besig is met hulle tersiêre studies.

By die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit sorg NWU Kunste dat daar wel meer as genoeg kanse vir studente is om steeds aan aktiwiteite soos debats-, toneel-, talent- en sêrkompetisies deel te neem.

Dis dan ook hier waar die ATKV elke jaar verskeie studenteaktiwiteite ondersteun.

Jaco van der Walt, senior bestuurder van NWU Kunste by die Potchefstroomkampus, sê dis vir sy afdeling belangrik om platforms vir studente te skep om hulle talente verder te ontwikkel in allerlei kunsvorms.

"Die ATKV se finansiële ondersteuning maak dit elke jaar moontlik vir ons om hierdie aktiwiteite interessant en lewendig te hou."

Gerrie Lemmer, die ATKV se uitvoerende hoof vir kultuur, sê dat die ATKV daarop fokus om ook by studente se ontwikkeling en groei betrokke te raak.

Regdeur 'n leerder se skoolloopbaan is daar genoeg geleenthede wat die ATKV skep om te kan presteer op kulturele vlak. Daarom is dit ook belangrik om dieselfde op tersiêre vlak te doen.

"Ons glo dat dit belangrik vir 'n student is om nie bloot net op die akademie te konsentreer nie.

Daar moet ook geleenthede wees om ander aspekte van sy of haar menswees te ontdek en om ander vaardighede te slyp. Daarom beskou die ATKV dit as noodsaaklik dat hierdie platforms aan die gang gehou moet word.

Om hierdie rede ondersteun ons dus NWU Kunste op finansiële gebied."

Die kultuurprogram by die NWU skop aan die begin van die jaar af met die eerstejaarskonsert.

Daarna kom die Kampusdebat aan die beurt.

Die ATKV is ook betrokke by die jaarlikse Kampustalentfees met al sy verskillende kategorieë.

Ná afloop van die Pukki Talentfees vind die gewilde Enkelsêrkompetisie plaas.

Die ATKV verleen ook finansiële hulp aan die Kampustoneelkompetisie vir koshuise.

Klik hier om verder te lees.

# ATKV-APPLOUS SE FINALE RONDE IS HIER



Daar is groot opgewondenheid in die lug oor die finale rondes van die ATKV se Applous-koorkompetisie wat vanaf 28 Julie tot 6 Augustus 2022 plaasvind.

Hierdie gewilde skoolkoorkompetisie is die oudste in die land en vier vanjaar sy 45ste bestaansjaar, en het oor die jare aan skoolkore die geleentheid gebied om hul liefde vir Afrikaans en hul vreugde van koorsang uit te leef.

In 2020 is die kompetisie vir die eerste keer tot stilstand gedwing weens die streng inperkingsmaatreëls van die Covid-19-pandemie.

In 2021 was daar wel die geleentheid om die kompetisie in 'n ander formaat aan te bied en die beoordelaars het van skool tot skool gereis om die deelnemende kore te beoordeel.

Vanjaar is dinge gelukkig weer byna soos in die verlede. Bessie Keun, mede-organiseerder van ATKV-Applous, sê daar is baie vreugde van die ATKV se kant af dat die kore net weer vir 'n slag kan sing: "Alhoewel ons nog nie vanjaar op vol sterkte is ten opsigte van deelname nie, is daar wel 180 kore wat deelneem aan Applous.

Klik hier om verder te lees.

# Pacaltsdorp bekoor toeriste



Om saam met eensgesinde vreemdelinge om 'n tafel te sit vir 'n heerlike maaltyd is 'n kultuurervaring soos min en presies wat die ATKV-tak Sommer net Ons van Pacaltsdorp in gedagte het met hul betrokkenheid by die Dine with the Locals-inisiatief.

Dié inisiatief het jare gelede informeel begin toe toeriste wat Pacaltsdorp besoek het, kon aansit vir snoek en patats en kon luister na stories oor dié unieke sendingdorp.

Die konsep is verder deur die George-toerismekantoor uitgebrei en plaaslike kokke het begin om hul slag agter die kospotte te wys.

Beverley McKelly, voorsitter van die tak, is in Pacaltsdorp gebore en getoë en haar voorouers is deel van die dorp – toe nog bekend as Hogekraal – se geskiedenis.

"Die stories lê my na aan die hart en ek wil dit graag met ander deel."

Lees hier verder.




HOE PROE JOU TAAL?

ATKV



## ATKV-AbbAsorg Promosa maak skoon

Onwettige vullisstorting is 'n reusekopseer in Promosa, 'n woonbuurt in Potchefstroom. Dit is nie net onooglik nie, maar die stank dryf inwoners tot raserny.

ATKV-AbbAsorg Promosa het onlangs besluit om skouer aan die wiel te sit om vullisstorting agter hul sorgsentrum aan te spreek.

Elsie Helberg, sentrumhoof, sê: "Hier word enige ding weggegooi – tuinvullis, huishoudelike vullis, maar die ergste ooit, is die dooie honde of katte.

"'n Mens wil soms naar word van die vieslike reuk.

Die stank is met tye so aaklig dat ons nie die vensters kan oopmaak nie en ons kinders net op die verste deel van die hoek af, kan speel."

Hulle het lank besin oor wat om rakende die onwettige storting te doen. "Sal ons vraghouers probeer kry en parkeer? Sal draad teen die teerpad werk?

Niks hiervan sou egter die probleem oplos nie," sê Elsie.


Hulle het uiteindelik die rommel verwyder, klippe gegooi om die deel te verfraai en 'n heining teen die muur opgesit om dit te beskerm. Elsie sê, "Soos vullis bymekaar geskraap en opgelaai word, word daar te na aan die muur gery.

Natuurlik word grond ook geskraap en vorm dit dan later 'n gat, wat beteken die muur verswak, want daar is nie meer grond om dit te stut nie."

Sy sê dit is nie net 'n eenmalige skoonmaakprojek nie, maar dat die area nou skoon gehou sal word om só 'n verskil in die kinders en inwoners te lewens te maak. "Vir nou is dit heerlik om 'n mooi omgewing te kan hê en is ons trots op dit wat ons vermag het, ons geniet dit," sê Elsie.

Lees hier verder.

# ATKV-TAK SPAN KRAGTE SAAM MET NUWE GALERY IN BLOEM



Die kunste bied ontvlugting van die oppervlakkigheid van die alledaagse lewe, dit laat mense uiting gee aan hul emosies en geleentheid vir die individu om hul kreatiwiteit uit te leef.

Daarom ondersteun die ATKV graag nuwe platforms wat die kunste en kunstenaars bevorder.

"In Bloemfontein het een van die grootste galerye toegemaak en sedertdien is daar 'n groot behoefte aan 'n plek waar prominente en plaaslike kunstenaars hul werk kan uitstal," sê Gertjan Holtzhausen, ATKV-streeksbestuurder.

Om dié rede het die ATKV-tak Gemeenskapsteater besluit om kragte saam te span met 'n nuwe galery, die Co-op-kunsgalery, wat deur die kunstenaars Willemien Kruger, Esré du Preez en David Griessel begin is.

Die galery is op 4 Mei met 'n swierige geleentheid geopen en meer as 180 gaste het dit bygewoon.

Volgens Willemien was dit besonder lekker om ná die pandemie weer saam die kunste te kon geniet.

"Tydens Covid kon baie dinge deur platforms soos Zoom vervang word en via 'n skerm gebeur, maar kuns en kultuur is een van die dinge wat al jou sintuie nodig het. Om saam te kon luister na lewendige vermaak, te hoor wat die kunstenaars inspireer, die werke in real life te kon sien en saam 'n glasie goeie wyn te kon geniet het almal ryker daar weggestuur as wat hulle aangekom het," sê sy.

Gertjan sê die eienaars van die galery het die tak en die ATKV genader om musiek en sang vir die geleentheid te verskaf. "Voortaan sal daar ook verskeie projekte by die galery gehou word, en die fokus van die samewerking tussen die ATKV en die galery is juis om gemeenskapsgedrewe projekte ook daar te kan aanbied.

"Ons dink aan projekte soos kultuurgespreksaande waar verskeie kultuurgroepe in 'n veilige omgewing bymekaar kan kom.

Dit moet 'n plek wees waar plaaslike kunstenaars hul werk kan uitstal en waar inwoners van Bloemfontein ook prominente kunstenaars se werk kan sien."

Dit was ook 'n ideale geleentheid vir mense om meer van die ATKV te wete te kom.

"Vanweë die groot aantal mense wat die opening bygewoon het, dink ek ons het 'n gehoor bereik wat nie noodwendig baie van die ATKV weet nie.

Ons kon wys dat die ATKV omgee oor die kunste. Ons is opgewonde oor hierdie vennootskap met Co-op en dink dit het die potensiaal om 'n helende projek te wees," sê Gertjan.

Willemien sê hulle is dankbaar vir die ATKV se betrokkenheid en dat hulle die kunste in Bloemfontein ondersteun.

"Ons hoop hierdie samewerking sal aan almal in Bloemfontein die kans gee om goeie kuns te sien, en veral hoop ons om 'n bewustheid en waardering van kuns by jongmense tuis te bring."

*Besoek die Co-op-galery in die Dan Pienaar-sentrum by Prellerplein.

NUUSGENOOT

**Die elektroniese nuusbrief van die ATKV word maandeliks aan 55 000 ATKV-lede gestuur.**

**Tariewe/uitgawe:**

| | |
|---|---|
| 1 x A4-advertensie: | R3 000 |
| 1 x A5-advertensie: | R1 500 |
| 1 x kwartbladadvertensie: | R1 000 |

**Verskaf materiaal asseblief soos volg:**

- Hoë-resolusie PDF of JPG
- Alle advertensies moet in Afrikaans wees. (Vertaling van Engelse materiaal op versoek beskikbaar.)
- Verskaf materiaal op 15de van die maand van uitgawe.

**Tariewe sluit BTW en agentskapskommissie uit**
**Materiaal: JPEG of PDF.**

## Verbreed jou reikwydte met Nuusgenoot!

Wil jy die ATKV se ledebasis bereik met jou besigheid en dienste? Wel, hier is jou kans om te adverteer!

Dié elektroniese nuusbrief word maandeliks aan 55 000 ATKV-lede gestuur en maak dit 'n ideale medium om jou besigheid te bemark. Sien tariewe en spesifikasies hierlangsaan en kontak gerus vir Wendy Homann by WendyH@atkv.org.za vir meer inligting.



HOE PROE JOU TAAL?

ATKV



# 10 VRAE AAN 'N TAKVOORSITTER

**Beverley McKelly** is gebore en getoë in die klein gemeenskap van Pacaltsdorp en hier maak sy ook haar kinders groot. As takvoorsitter vir die afgelope vier jaar van die ATKV-tak Sommer net Ons, woeker sy en haar taklede om veral kinders te bemagtig.

**Waar kom jou liefde vir taal en kultuur vandaan?** Ek het 'n onderwyser, juffrou Abrahams, gehad wat Afrikaans as vak met ywer en passie aangebied het. Sy het my in digkuns en letterkunde laat belangstel. Alles het by haar begin. Dit is hoekom ek vandag 'n liefde vir die taal en vir kultuur het.

**Wat inspireer jou?** Die gewone mense in my gemeenskap. Hier is so baie mense in Pacaltsdorp wat 'n helpende hand uitreik, wat ander help en niks in ruil soek nie. Hulle maak ons gemeenskap 'n beter plek sonder enige erkenning.

**Waaroor is jy passievol?** Kinders. Ek is baie passievol oor die ontwikkeling van 'n kind en daarom het ons leesprojekte om die liefde vir lees en stories in kinders wakker te maak.

**Wie is of was jou rolmodelle en hoekom?** Pastoor Jannie Horn is 'n groot rolmodel vir my. Hy is een van die geestelike leiers in ons gemeenskap. Hy het met die Woord vir my geleer dat daar geen beperkings in die lewe is nie. Hy het op 'n tasbare wyse my lewe in 'n groot mate beïnvloed.

**Wat dryf jou as takvoorsitter?** In ons gemeenskap is daar baie verlore drome en kinders wat swaarkry. Dít dryf my. Om kinders te help. Om 'n platform te skep waarby kinders kan baat en waar hulle hul passies en talente kan uitleef.

**Wat beteken "belê in jouself, belê in jou toekoms, #weesdieverskil" vir jou?** Om in jouself te belê beteken om 'n plan vir jou lewe te hê. Jy moet weet waar jy vandaan kom en waarheen jy op pad is. Jy moet ambisie hê. Jy moet ook besef wat jy het om vir ander te bied en hoe jy jouself kan toerus om 'n verskil in die gemeenskap te maak.

**Wat is die uitdagings vir julle as tak?** Ons het beperkte hulpbronne. Ons sien dit gereeld met ons leesprogramme en ons kinderontwikkeling. Die behoefte onder die kinders vir iets soos leesboekies is enorm en ons het nie altyd die hulpbronne om die probleem op te los nie, maar met die ywer en passie van al ons taklede kry ons dit tog reg om steeds 'n wesenlike verskil in kinders se lewens te maak.

**Op watter projekte is jy die trotste?** Ons het elke jaar 'n jaareindproduksie wat 'n groot hoogtepunt op ons kalender is. In dié produksie kom kinders van verskeie agtergronde bymekaar en speel in 'n teaterproduksie. Dit is altyd wonderlik om te sien hoe hulle hulself as kunstenaars ontdek en hulle talente uitleef.

**Watter verskil sal julle graag in julle gemeenskap wil maak?** Ons wil 'n vangnet wees vir kinders. Ons wil altyd 'n kind kan help wat nie geleenthede het nie om op akademiese, sport of kulturele gebied te floreer. Ons wil kinders se potensiaal ontgin en hulle talente slyp.

**Hoe sal jy julle tak in 'n paar woorde opsom?** Kleurvol, divers en aktief. Ons is 15 aktiewe taklede van verskillende agtergronde wat nie bang is om ons hande vuil te maak nie.

## Prieska se boeketrollie kry kinders aan die lees




Verlede jaar by die algemene jaarvergadering van die ATKV het 'n besonderse eer die jeugtak Prieska te beurt geval.

Hulle is tydens die vergadering vereer as 'n tak met 'n baie hoë vlak van funksionaliteit.


Die toekenning is 'n bewys van die geesdrif waarmee al die lede aan die tak se verskillende projekte deelneem. Esmé du Toit, die tak se voogonderwyser, is 'n onderwyseres by die Hoërskool Prieska.

Hoërskool Prieska is 'n gekombineerde skool en daar is leerders van graad 1 tot graad 12 in die skool.

Baie van die leerders bly in die koshuise by die skool.

Lees hier verder.

## Nuwe Taalgenoot nou beskikbaar!




In die jongste uitgawe van Taalgenoot is die akteur Sharlto Copley op ons voorblad – al die pad van Hollywood!

Hy vertel ons van sy wortels in die Afrikagrond en met watter A-lysakteurs hy skouers skuur.

Dié uitgawe spog met vele fotostories – ons besoek Sandton en Fietas, twee uiteenlopende wêrelde in dieselfde stad, ons gaan kuier by Children of Fire, 'n organisasie wat vir jong brandslagoffers sorg en ons het selfs 'n storie oor wilde diere in die hartjie van Johannesburg.

Verder gaan kuier ons by twee plaaslike rockers – een in die boekewêreld en een in die musiekbedryf – R.R. Ryger en Bacchus Nel.

Ons stel ondersoek in of jy "off the grid" kan leef en Eskom finaal onder die bas kan skop en gesels met kenners oor liefdestonele in boeke.

Die ATKV se fantastiese projekte en die waardevolle werk wat ons takke doen kom ook onder die loep.

Lees hier verder.



HOE PROE JOU TAAL?

ATKV




# SIONSPOORT VLEISFEES

Die Hervormde Kerk Sionspoort in Randfontein se gewilde **Vleisfees** vind vanjaar plaas op **Saterdag 30 Julie** by die **Tuinhekkie** (h/v Lazar- en Merweweg in Randfontein) vanaf 8:00 tot laat.

Verwag rye **smaakvolle stalletjies**, 'n veteraanmotorskou, baie plaasdiere, die Bekker Jeugskou en 'n Boerboel-hondeskou. Daar is demonstrasies soos botter- en seepmaak, sweepslaan, skaapskeer en koeimelk om na uit te sien, sowel as lyndanse, pom-poms, baie pret en vermaak vir die kinders en **heerlike** tradisionele disse soos pap-en-kaiings, skilpadjies, braaivleis, feeswors, potjiekos, vetkoek, sosaties, pannekoek en varsgebakte boerebrood. 'n Groot toutrek-uitdaging en ander **kompetisies** gaan sorg vir baie **aksie**.
Kom **kuier heerlik** saam met **gewilde kunstenaars** soos Fatman, Germandt Geldenhuys, Valeska Muller, Tanya V, die Dagbreek Boere-orkes, Reinhardt Venter, Heidi, Johan Baard, AJ Vos en die Ventertjies.

En natuurlik die hoofoogmerk van die fees: Vars vleis en vleisprodukte teen **bekostigbare pryse!**





Koste: Slegs R20pp (voorskoolse kinders gratis)
Navrae & Algemene inligting
011 412 3163 / 079 199 3559
E-pos: info@sionspoortvleis.org
Facebook: SionspoortVleis

TUINHEKKIE
26 10'23.94"S 27 38'51.59"E



**SionspoortVleis**
**Sionspoort_Vleisfees**
info@sionspoortvleis.org
011 412 3163 / 079 199 3559